’n Kennisgewing

Naam:

’n Kennisgewing word gebruik om spesifieke inligting vir ’n spesifieke groep mense oor te dra. Dit is ’n formele manier van kommunikasie, terwyl ’n advertensie en ’n strooibiljet informele kommunikasie is. Kennisgewings van die regering kan in koerante gevind word. In skole word kennisgewings gewoonlik op aansteekborde vasgesteek. Kom ons kyk hoe lyk ’n kennisgewing.

Die anatomie van ’n kennisgewing:

Anatomie verwys na hoe iets gebou of aanmekaar gesit is. Dit verwys na al die verskillende dele wat iets uniek maak. Ons gaan dus kyk na hoe ’n kennisgewing lyk en uit watter dele ’n kennisgewing bestaan.

Laerskool Sonskyn
Lentestraat, Vryheid

18 Oktober 2018

KENNISGEWING

Aandag alle hondeliefhebbers!

Laerskool Sonskyn hou hulle jaarlikse fondsinsameling vir Vryheid DBV op 1 Desember 2018 op die Laerskool Sonskyn se sportvelde. Die fondsinsameling begin om 09:00.

Honde is welkom! Trek jou gemaklikste stapskoene of tekkies aan vir ’n 5 km-pretloop. Daar sal ook kosstalletjies, springkastele, waterglybane en ’n mark wees. Advertensies en inskrywingsvorms sal op ’n latere datum volg.

Besighede wat pryse wil borg of stalletjies wil oprig, is welkom om met die skoolhoof kontak te maak.

Vir verdere inligting, kontak asseblief die ondergetekende.

Meneer Du Toit
Laerskool Sonskyn, Skoolhoof

Naam van die organisasie of plek wat die kennisgewing uitreik

Datum

Onderwerp/ vir wie die kennisgewing geskryf is

Inligting

Kontakpersoon



Beantwoord die vrae:

1. Deur wie is die kennisgewing uitgereik?

   _____

2. Wat is 'n hondeliefhebber?

   _____

   _____

3. Wat beteken dit as iets jaarliks gedoen word?

   _____

   _____

4. Sal jy Laerskool Sonskyn se fondsinsameling wil bywoon? Hoekom of hoekom nie?

   _____

   _____

5. Waar sal 'n mens Laerskool Sonskyn se kennisgewing vind?

   _____

   _____

6. Waarvoor staan die afkorting km?

   _____

7. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:

   a. kosstalletjies _____

   b. springkastele _____

   c. waterglybane _____

d. advertensies _____

e. inskrywingsvorms _____

8. Wat beteken dit as iets op 'n latere datum sal volg?

_____

_____

9. Wie is die ondergetekende in hierdie kennisgewing?

_____

10. Wat doen Laerskool Sonskyn om die gemeenskap te help?

_____

_____

11. Dink jy dat dit goed is vir kinders om te sien wat dit beteken om jou gemeenskap te help? En dink jy kinders moet aktief deelneem aan die opbou en ondersteuning van hulle gemeenskappe? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

12. Onderstreep die regte waardes.

'n Fondsinsameling waar 'n skool sy gemeenskap help, leer vir kinders die volgende waardes:

omgee selfsug vrygewigheid verantwoordelikheid